

Woensdag 9 Mei

Skrifgedeelte: 1 Johannes 4:7-21

Fokusgedeelte: 1 Johannes 4:16, 17

Leef die liefde in waarheid

Die gedrag en leefwyse van 'n kind vertel gewoonlik iets van die verhouding met sy ouers.

Johannes beklemtoon dit dikwels dat ons mekaar moet liefhê, “want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God.” Terselfdertyd bring hierdie in-tieme en noue verhouding met God vir my die sekerheid dat ek die ewige lewe besit.

Wanneer ek die opdrag om mekaar lief te hê, ontvang, bewerk God dit dat Hy deur my in die wêreld sigbaar word. Ek kan God se liefde alleen uitstraal as ek sy kind is. Die ware liefde begin by God wat sy liefde teenoor ons wys.

Ek kan hierdie liefde net uitleef as ek begryp watter prys ons Here vir my betaal het. Hierdie besef dwing my om mekaar ook lief te hê. Dan beleef ek die inwoning van God deur sy Heilige Gees. Dan bereik God se liefde sy doel volkome.

Hierdie inwoning is ook die waarborg dat ek met *sekerheid* sal leef en optree:

- Dit is die sekerheid dat ek die ewige lewe het.
- Dit is die sekerheid wat gelowiges sonder vrees vir die oordeelsdag laat lewe.
- Dit is die sekerheid waarmee ek God se liefde na elke mens uitdra.
- Dit is die sekerheid waarmee ek deur die Heilige Gees bely dat Jesus die Seun van God is.

Hierdie sekerheid bring egter ook 'n *verantwoordelikheid*. My belydenis moet 'n bele-wenis word waarmee ek God se gebod tot liefde vir my broer daadwerklik uitleef. “Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het.”

Met my lewe maak ek God se liefde sigbaar!

Sing: *Skrifberyming 1-3:1, 3*

Ds. PJ (Petrus) van Blerk (Rietvallei)